UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# JODE IN TRANSVAAL TOT 1910

# 'N KULTUURHISTORIESE OORSIG

deur

ANNA CATHARINA VAN WYK

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

(KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**Universiteit van Pretoria**

**Pretoria**

**2003**

Promoter: Prof. K. L. Harris

Medepromotor: Prof. J. S. Bergh

# INHOUD

| | |
|---|---|
| OPSOMMING | i |
| BEDANKINGS | iii |
| VOORWOORD | v |
| AFKORTINGS | vii |
| HOOFSTUK 1<br>INLEIDING: DIE JOODSE DIASPORA NA TRANSVAAL | 1 |
| HOOFSTUK 2<br>AGTERGROND: DIE "JOODSE VRAAGSTUK" | 44 |
| HOOFSTUK 3<br>DIE JOODSE PIONIERS IN TRANSVAAL: 1840-1885 | 108 |
| HOOFSTUK 4<br>VERSNELDE JOODSE VESTIGING IN DIE ZAR: 1886-1899 | 167 |
| HOOFSTUK 5<br>DIE JODE EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG: 1899-1902 | 279 |
| HOOFSTUK 6<br>DIE JODE EN DIE HEROPBOU IN TRANSVAAL: 1902-1910 | 354 |
| HOOFSTUK 7<br>SAMEVATTING | 429 |
| WOORDELYS | 442 |
| BRONNE | 454 |

# OPGEDRA AAN ONS JOODSE BURE

Per geleentheid het 'n digter Dawid probleme ervaar en

tot die gevolgtrekking gekom dat:

"Onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat vir hom dien,

sy trou vir opeenvolgende geslagte,

vir dié wat getrou bly aan sy verbond

en sy voorskrifte nakom." (Psalm 103, vers 17 en 18.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DANKBETUIGING

Hiermee wil ek graag die volgende persone en instansies bedank:

Professor dr. J. S. Bergh wat my oortuig het dat die lewe na afrede sinvol deurgebring kan word deur 'n na-graadse diploma in Museumkunde, met 'n aanvullende studieprogram op te volg.

Professor dr. O. J. O. Ferreira wat aanvanklik my projekleier was. Hy het my geïnspireer om 'n "vreemde " kultuur as 'n studiegebied te kies om interkulturele begrip te bevorder. Professor dr. K. L. Harris wat as projekleier oorgeneem het. Sy verdien lof en dank vir die besondere wyse waarop sy met haar wysheid en insig, gehelp het om rigting aan hierdie projek te verleen. Daarbenewens het professor Bergh as tweede in bevel 'n besondere aandeel gehad in die interpretasie van die data wat ingesamel is. Albei hierdie persone het gepoog om aan my die geheimenisse van Geskiedenis as dissipline, bekend te stel. Ander dosente aan die departement Geskiedenis soos professor dr. F. J. Pretorius, mej. M. van Heerden, dr. J. Grobler, dr. L. Kriel en mevv. C. van Niekerk en K Sevenhuyzen, word bedank vir hulle vriendelike raad en aanmoediging.

By die *South African Jewish Board of Deputies* (SAJBD) in Johannesburg se argief en biblioteek het talle mense aan my ondersteuning verleen. Mnr. David Saks, die hoofnavorser van hierdie instelling het besondere raad verleen. Professor R. Musiker en sy vrou Naomi van die argief, het belangstelling en hulp vir die projek verleen deur dokumente beskikbaar te stel en aanmoediging te verleen. Daarbenewes het mnr. Hamilton Nare met ywer kopië van die verlangde dokumente gemaak. Aan hulle almal wil ek graag baie dankie sê. Professore M. Shain en R. Mendelsohn van die Jessie Kaplan Instituut van die Universiteit van Kaapstad, verdien lof vir inligting en raad wat hulle verleen het.

Professor Tony Lamont en sy vrou Della wat my aangemoedig het en aan mnr Kahanovitz voorgestel het, geniet my opregte dank. Mnr. I. Kahanovitz , sy vrou en moeder het my gasvryheid verleen en opreg in die projek belang gestel en literatuur wat moeilik bekombaar is, verskaf. Talle Saterdagmiddae is gesellig met verskeie Joodse

vriende by hulle aan huis deurgebring met die doel om 'n interkulturele bergip te vorm. Dr. H. Ebedes en mnr. Kahanovitz het my per motor na Johannesburg geneem om dokumente by die argief van die SAJBD te verkry. Die twee here het ook my geskrifte krities gelees en aan my sinvolle terugvoering verleen. Daarbenewens het dr. Ebedes my ook tydens my voorlegging in November 2001 bygestaan, waarvoor hy my opregte dank verdien.

Die personeel van die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria verdien dank vir ondersteuning en begrip. Mev. C. Badenhorst het veral moeite gedoen om skaars inligting te op te spoor. Die personeel van die Unisa-biblioteek verdien ook dank vir die wyse waarmee hulle behulpsaam was. Hier word hartelike dank aan mevv. E. L. Gerber en N. Joubert uitgespreek. Mnr. H. Liebenberg was menigmaal behulpsaam om tegniese probleme met die fotostaatmasjiene op te los. Die personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek, veral mej. L. Pretorius, verdien dank vir die wyse waarmee hulp verleen is om data te ontsluit. Die personeel van die staatsbibioteek, albei in Pretoria was eweneens behulpsaam.

Hartlike dank aan mev. P. Lottino en mnr. G. de Wit wat vir my met die drukwerk behulpsaam was. Sy het onder moeilike omstandighede puik diens gelewer.

Aan my kinders dankie vir hulle ondersteuning, aanmoediging en liefde. Dit is veral Braam en Marie wat my gehelp het om probleme met die rekenaar op te klaar, aan wie ek baie dank verskuldig is. Aan my familielede baie dankie vir julle ondersteuning. Hier wil ek vir Kosie en Ilza Joubert uitsonder vir hulle besondere aandeel om my aan te moedig. Dié vriende wat nie gedink het dat ek van lotjie getik is nie, verdien ook my dank. My oud-kollegas by die Huishoudkunde departement (tans Verbruikerswetenskap) het opregte belangstelling en meelewing getoon, dankie daarvoor!

Dan wil ek dank en my waardering uitspreek vir die groot voorreg wat die Skepper aan my gegun het om hierdie studie aan te pak. Dit het vir my as mens veel meer beteken as waarvoor ek ooit kon hoop.

# VOORWOORD

Joodse setlaars was van 'n vroeë stadium by Transvaal, dit wil sê die landstreek noord van die Vaalrivier en ten ooste van Natal en Mosambiek, betrokke. Dié gebied is sedert 1839 geleidelik op 'n yl wyse deur blanke emigrante vanuit die Kaapkolonie bevolk. Baie min Jode het in die vroeë fase van blanke vestiging na Transvaal gekom. Die ontdekking van minerale soos steenkool en goud het egter in die tweede helfte van die negentiende eeu aanleiding gegee tot 'n ongekende toestroming van blanke fortuinsoekers van diverse oorsprong, wat Jode ingesluit het. 'n Heterogene blanke bevolking het so in Transvaal tot stand gekom. Hierdie minerale revolusie en die gepaardgaande industriële ontwikkeling het veroorsaak dat 'n betekenisvolle persentasie van die Transvaalse bevolking verstedelik het, wat eie uitdagings meegebring het – ook vir die Jode wat daardeur geraak is. In dié proefskrif word met hierdie werklikhede rekening gehou. Die kultuurhistoriese uitgangspunt van die proefskrif het ten doel die bestudering van die manier waarop Jode hulle in Pretoria en Johannesburg, maar ook enkele landelike gebiede, gevestig het en by die plaaslike bevolking ingeskakel is. Die verskillende wyses waarop hierdie kultuurgroep daarin geslaag het om ekonomies te oorleef, word uitgelig. Daarbenewens word ook gefokus op die reaksie van die Jode op die sosio-politieke omstandighede in die Transvaal en hoe hulle te midde daarvan 'n gemeenskapslewe tot stand gebring en hulle kulturele identiteit behou het. Dit omvat dus die Joodse kulturele lewenswyse in Transvaal in sy geheel.

Omdat betreklik min bekend is oor die rol wat Jode in die ontwikkeling van die vroeë Transvaalse gemeenskap gespeel het kom wanopvattings daaroor algemeen voor. Jode word gereeld as kapitaliste wat net daarin belang sou stel om geld te maak, gestereotipeer. Selfs woordeboekomskrywings toon dat hulle gedefinieer word as mense wat die Joodse geloof bely, maar wie se besigheidsetiek onder verdenking is. Daarbenewens word Jode as 'n minderheidsgroep in die samelewing as "anders" as die "gewone" mense beskou sodat hulle nie werklik as bure of vriende aanvaarbaar is nie. Dit is duidelik dat Jode reeds van antieke tye, vanweë hulle "andersheid", as 'n probleem aanvaar

is, wat uiteindelik in anti-Semitisme gemanifesteer het. Dit het meegebring dat hulle deur die eeue heen vervolg en dikwels uit hulle geboortelande verban is, sodat hulle uiteindelik reg oor die wêreld en selfs in Transvaal verspreid geraak het. Hulle het nogtans oorlewe en hulle Joodsheid behou. Talle vrae hieroor het opgeduik en dit word in die verskillende hoofstukke ontleed en behandel.:

Om hierdie doelwit te bereik is van inligting uit 'n verskeidenheid primêre en sekondêre inligtingsbronne gebruik gemaak. Benewens argivale bronne wat selde spesifiek is, is 'n deeglike ondersoek van kontemporêre koerante gedoen wat sporadiese tersaaklike inligting oor aangeleenthede in die samelewing verskaf het. Waardevolle data wat van 1946 tot 1956 deur veldwerkers van die Joodse sosiologie-vereniging in Johannesburg ingesamel is, is goedgunstiglik deur die *South African Jewish Board of Deputies* in Johannesburg aan die navorser beskikbaar gestel en is met vrug gebruik. Die data wat uit verskillende bronne verkry is, is aangevul met inligting wat Joodse geskiedskrywers opgeteken het. Daar is ook deur interpersoonlike verhoudings met Jode aan te knoop verseker dat interkulturele begrip verkry sou word om die navorser se soeke na die "waarheid," sover as moontlik te bevorder.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# AFKORTINGS

ANC –African National Congress

CID – Criminal Investigation Department

JBD – Jewish Board of Deputies

HAT –Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal.

JLS – Jewish Ladies Society

JSE – Johannesburg Stock Exchange

ILH – Imperial Light Horse Brigade

JTO – Jewish Territorial Organization

SAJBD - South African Jewish Board of Deputies

SAJC – South African Jewish Chronicle

SAVF – Suid-Afrikaanse Vroue Federasie

TAB – Transvaalse Argief Bewaarplek

UR – Uitvoerende Raad

WNLA – Witwatersrand Native Labour Association

ZAR – Zuid Afrikaansche Republiek

ZARPS – Zuid Afrikaansche Republiek Polite

ZASM – Zuid Afrikaansche Nederlanse Spoorwegmaatskappy